

## DIE GEVANGENEMING VAN WINSTON L. S. CHURCHILL OP 15 NOVEMBER 1899

Die gevangeneming van die spesiale korrespondent van *The Morning Post*, Winston Churchill, het in die verlede reeds 'n groot aantal penne in beweging gebring. Onlangs is weer die aandag op Churchill gevestig na aanleiding van die onthulling van 'n gedenkplaat deur die H.M.K. aan die *Staatsmodelschool* te Pretoria. Ofskoon hierdie gebou allereers sy belangrikheid ontleen aan die feit dat dit 'n belangrike historiese monument met betrekking tot die onderwys van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* is, is dit ook nog van belang met betrekking tot Churchill, aangesien hy 'n tydlank, saam met 'n aantal Britse offisiere en 'n aantal verdagte burgerlike persone, in dieselfde gebou gevange gehou is.

Ten einde ruimte te bespaar, word slegs terloops na Churchill se eie mededelings in dié verband, soos te vinde in *London to Ladysmith via Pretoria, My Early Life* en die Nederlandse vertaling daarvan, *Mijn jonge jaren*, verwys. Hoofsaaklik is argiefstukke gebruik wat meer lig op die aangeleenthed wwerp en 'n aantal besonderhede wat aan *De Volksstem* van 1899 ontleen is.

### *Die toestand in die omgewing van Estcourt (Nov. 1899)*

Aan die begin van November 1899 het Churchill in Estcourt aangekom. Op dié tydstip was die insluiting van die belangrike sleutelposisie, Ladysmith, voltooi. Nadat die Boere op 3 November die dorpie Colenso gebombardeer het, is hierdie voorpos deur die verdedigers ontruim terwyl die frontlyn tussen Colenso en Ladysmith geloop het. Van Britse kant is van tyd tot tyd verkenningswerk met 'n gepantserde trein verrig. Op dié wyse is die toestand in Colenso verken. Churchill was voor die gedenkwaardige 15de November twee keer onder hierdie verkenners. Besonderhede van belangrike aard het nie voorgeval nie. Spoedig hierna sou dit blyk dat dit slegs 'n stilte voor die storm was.

Van Boerekant is planne beraam om 'n gewapende mag so diep moontlik suidwaarts in Natal te laat opruk, met die voorbehoud egter, dat die beleg van Ladysmith nie daardeur verswak sou word nie. Dit was die begin van 'n verkenningstog wat mettertyd tot naby Mooirivier sou lei.

Op 15 November 1899 het die Kommandant-generaal telegrafies aan die Staatsekretaris meegedeel dat besluit is „om Ladysmith te doen vasthoude door onze wachten op het terrein en met onze commando's te opeerreer voorbij Estcourt.“ In dieselfde berig het genl. Joubert verklaar dat hy op 13 November op Colenso aangekom het en dat op die daaropvolgende dag verkenningswerk gedoen is. By dié gelentheid is Engelse brandwagte opgemerk wat in die rigting van Kommandant Dawid Joubert se patrollie uitgetrek het. Ook het die Kommandant-generaal in dieselfde berig melding gemaak van „een trein die op onze burgers afstoomde“ en van 'n skermutseling tussen die bemanning van die trein en die burgers, waarna die trein teruggestoom het.

Uit die skermutseling is, aldus dieselfde mededeling, afgelei dat posisie

ingeneem moes word en gevolglik is opdrag gegee dat die kommando's van Ermelo en Middelburg en 'n gedeelte van die Krugersdorpse kommando, na die betrokke plek moes gaan. Meer burgers het om 3 uur vm. op die 15de November gevolg.<sup>1</sup> Aan almal is, aldus 'n berig van 15 November uit die hooflaer opdrag gegee om die trein by die eersvolgende geleentheid te buit.<sup>2</sup>

Vroeg dieoggend van die 15de November het die gepantserde trein onder bevel van kapt. Aylmer Haldane, D.S.O., van Estcourt af vertrek. Oorlogskorrespondent Churchill het deel van die geselskap uitgemaak. Ongeveer 'n uur later het die trein op Frerestasie aangekom. Alles was veilig en kapt. Haldane het besluit om verder te ry in die rigting van Chieveley-stasie. Voordat die trein op Chieveleystasie aangekom het, het Churchill 'n honderdtal Boereruiters gewaar wat op ongeveer 'n myl afstand op 'n galop in 'n suidelike rigting gery het en ook opgemerk dat die koppie anderkant Chieveleystasie deur Boere beset was. Kolonel C. J. Long, die bevelvoerende Britse offisier op Estcourt, is vanuit Chieveleystasie telefonies van die toestand in kennis gestel en hy het gelas dat die trein na Frerestasie moes terugkeer. Niemand van die geselskap kon op daardie oomblik vermoed dat genl. Joubert onder die ooggetuies van die naderende onheil vir die trein was nie. In die reeds genoemde telegram het die Kommandant-generaal verklaar dat hy die trein reeds gewaar het voordat dit op Chieveley aangekom het. Hy het ook meegedeel dat een van die kommando's omgetrek het, dat klippe op die treinstoor gegooi is en dat daarna die gedeeltelike ontsporing gevolg het.

Die verloop en die uitslag van die geveg wat daarop gevolg het, is o.m. deur Churchill beskryf. Dit was aan sy optrede te danke dat die lokomotief en 'n aantal soldate ontkom het. Onder die wat gevange geneem is, was sowel kapt. Haldane as oorlogskorrespondent Churchill. Die Kommandant-generaal het na die geveg aan die Staatsekretaris berig: „56 gevangen genomen waaronder Winston Spencer Churchill rapporteer (moet wees: rapporteur) voor de Morning Post". Van die burgers, aldus dieselfde mededeling, was vyf lig gewond.<sup>3</sup> Die aantal gesneuweldes van die verdedigers is volgens 'n ander mededeling<sup>4</sup> op twee en die aantal gewondes op tien vasgestel.

Voortgaande het die Kommandant-generaal in dieselfde telegram vermeld: „In het gevecht heeft zich V. C. Swart van Wijk 2 Wakkerstroom en V. C. Oosthuizen van Krugersdorp bijzonder onderscheiden in actieven dienst alsook voor gehoorsaamheid en moed zooals aan mij gerapporteerd of en self gezien."

Dié een veldkornet was veldkornet Gabriël Carel Swart wat vanaf 1-1-1898 veldkornet van die genoemde Wakkerstroomse wyk en aan Kom-

1. K. G., band 346, deel 5, oorlogstelegramme (afdrukke), Staatsargief, Pretoria. In *Onze Krijgsofficieren . . .*, Pretoria, 1904, bl. 38, kom meer besonderhede oor kndt. D. J. Joubert voor.
2. Gedateer 15-11-1899 (van hooflaer). Gepubliseer in *De Volksstem*, 16-11-1899.
3. K.G., band 346, deel 5, oorlogstelegramme, waarby afdruk van 15-11-1899.
4. *De Volksstem*, 16-11-1899.

156

No. 434

Date: 26 NOV 1899

~~685~~ ~~De Graaf Department~~ ~~Z. A. Schubak.~~

~~Colenso~~ ~~Colenso~~

PERSTELEGRAM

Xangenomen ~~Colenso~~ m.; hier ontvangen ten ~~Colenso~~ m.

Theron Kaptein ~~Colenso~~ ~~AAN~~ Staats Lees  
Rapportgangers ~~Colenso~~ Pretoria

932

PRETORIA  
26 NOV 1899

Beleefd wenst ik te melden dat in de Natal Witness en Natal Mercury van 17 dezer volledige rapporten voorkomen van die acties en prominentie aangesneeden genomen door den Courant rapporten. Winston Churchill in het gesucht met gepantserde trein te Kere Station Churchill liep ~~Wynville~~ uit en was toen aanvoerder van de officieren in de war waren volgens Volksstem en Standard in diggers news geef hy ons voor dat hy geen deel nam in gesucht dat is alle leugens hy wilde ook niet stilstaan toen Veldernet oorlogsgewonde hem waarschuwe; ich

Nee te gester eerst toe dege  
ga gewen op hem aangelede gef  
hy ~~zich~~ over myns ingevoer  
Churchill een der gevallen kaste  
gevangenen die in generally kaste  
is. De Natalche Courant note  
van hem een groot held

Telegram van kapt. Danie Theron aan Staatsekretaris, i.s. oorgawe van Churchill. (Staats-archief, Pretoria).

mandant Josua Adriaan Joubert onderseskik was. Die ander een was veldkornet Sarel Francois Oosthuizen, bygenaamd die Rooibul<sup>5</sup>, wat onder bevel van Kommandant Frederik Jacobus Potgieter gestaan het.<sup>6</sup>

Aangaande veldkornet Swart se dapper optrede is met hierdie ondersoek geen verdere besonderhede aangetref nie. Wel was dit die geval met betrekking tot veldkornet Oosthuizen. Alvorens die besonderhede verstrek word, moet eers die volgende aangeleentheid kortliks weergegee word om die feite in die regte verband te kan sien.

#### *Churchill se aandeel in die geveg*

Uit Churchill se beskrywing van die geveg om die gepantserde trein, blyk dit dat hy 'n werksame aandeel in die stryd geneem het deur aanswings aan die masjinis te gee en handelend op te tree om trokke van die treinspoor te verwijder.

Op die vraag of Churchill gewapen was of nie, kan daar volstaan word met sy eie mededeling in die verband. Volgens hom het hy oor 'n Mauserpistool en patronen beskik. Die pistool het hy, volgens sy eie verklaring, op die lokomotief laat lê en het ten tyde van sy gevangeneming slegs oor 'n aantal Mauserpatrone beskik. Kort na sy gevangeneming het Churchill teenoor die hoofredakteur van *De Volksstem*, dr. F. V. Engelenburg, verklaar dat hy hoop om vrygelaat te word „als zijnde journalist”. Dr. Engelenburg het daarop geantwoord: „Ik zeide hem dat dit niet waarschijnlik was omdat hij gevat was met wapens in die hand en dus viel onder die gewone militairen”.<sup>7</sup>

Hierdie gesprek tussen dr. Engelenburg, wat aan die Natalse front was en Churchill, is in *De Volksstem* van 17 November 1899 gepubliseer. In 'n ander berig wat in dieselfde uitgawe verskyn, word verklaar: „Daar hij gewapend was krijgt hij ook het voorrecht Pretoria te bezoeken.”

#### *Die oordeel van die Kommandant-generaal en kapt. D. J. S. (Danie) Theron.*

Op 19 November 1899 het die Kommandant-generaal die volgende telegram aan die Staatsekretaris gestuur: „Ik versta dat de zoon van Lord Randolph Churchill beweert dat hij slechts een rapporteur voor eene courant is en daardoor een privilege meent te hebben om los gelaten te worden. Uit eene courant dd. blijkt geheel iets anders en het is om die reden dat ik er op aandring dat hij als gevvaarlijk voor onzen oorlog bewaakt en bewaard moet worden daar hij ons anders nog veel kwaads kan doen. Met een woord: Hij mag gedurende den oorlog niet op vrije voeten gesteld worden. Het is door zijn actief aandeel dat een deel van de gepantserde trein ontsnapt is”.<sup>8</sup>

Nege dae nadat die Kommandant-generaal sy oordeel aangaande die gevangeneming van Churchill onomwonde aan die Staatsekretaris meegedeel

5. Idem, 4-12-1899.

6. K.G., band 463, waarin gegewens oor veldkornette Swart en Oosthuizen onder Wakkerstroom en Krugersdorp. Spelling: *Oosthuysen*. Staatsargief, Pretoria.

7. *De Volksstem*, 17-11-1899.

8. S.S.-oorlogstukke 1899, band 8286, waarin C.R. 8543/99 met telegram gemerk R. 1681/99 en C.R. 8543/99. Die datum, na dd., is nie aangedui nie.

het, is deur kapt. Danie Theron die volgende telegram na Pretoria gestuur:

„Beleefd wensch ik te melden dat in de Natal Witness en Natal Mercury van 17 deser volledige rapporten voorkomen van de actieve en prominente aandeel genomen door den courantrapporteur Winston Churchill in het gevecht met den gepantserden trein te Frere station. Churchill riep vrijwilligers uit en was hun aanvoerder toen de officieren in de war waren. Volgens Volksstem en Standard and Diggers News geeft hij nu voor dat hij geen deel nam in gevecht. Dit is alles leugens”.

Hierna kom kapt. Theron met die volgende belangrike mededeling: „Hij wilde ook niet stilstaan toen veldcornet Oosthuizen hem waarschuwde zich over te geven. Eerst toen deze zijn geweer op hem aanlegde gaf hij zich over”.<sup>9</sup>

Die inhoud van kapt. Theron se telegram is o.i. waardevol in sover dit sy vermelding betref aangaande die oorgawe van Churchill en die vermelding dat hy hom aan veldkornet S. F. Oosthuizen oorgegee het. Indirek gee hierdie mededeling o.i. antwoord op die Kommandant-generaal se vermelding dat dieselfde Krugersdorpse veldkornet hom deur sy dapper optrede onderskei het, terwyl dit die oudste regstreekse antwoord is op die vraag wie Churchill gevange geneem het.

Veldkornet Oosthuizen is later tot veggeneraal bevorder<sup>10</sup> en het, netsoos kapt. Danie Theron, die Tweede Vryheidsoorlog nie oorleef nie. 'n Paar jaar na die oorlog het genl. Louis Botha 'n besoek aan Londen afgelê en Churchill daar ontmoet. By dié geleentheid het genl. Botha verklaar dat hy die voormalige spesiale korrespondent van *The Morning Post* gevange geneem het. Volgens 'n telegram wat genl. Botha aan sy gade in Pretoria gestuur het en wat in *De Volksstem* van 18 November 1899 verskyn het,<sup>11</sup> was Botha in bevel van dié kommando-eenhede wat die omtrekkende beweging uitgevoer het. Volgens 'n latere verklaring deur 'n deelnemer aan die Natalse veldtog, die latere genl. J. C. G. Kemp, was genl. Botha nie teenwoordig op die plek waar Churchill gevange geneem is nie.<sup>12</sup> Indien dit korrek is dat genl. Botha bevel oor daardie eenhede gevoer het,<sup>13</sup> dan kan sy aanspraak slegs beteken dat hy in bevel was van hulle wat die omtrekkende beweging uitgevoer het en besit sy aanspraak dan ook slegs in hierdie lig beskou, waarde.

Dr. J. Ploeger

9. In dieselfde band.
10. Aangaande Oosthuizen kan meer besonderhede aangetref word in *Onze Krijgs-officieren . . .*, Pretoria, 1904, bl. 56.
11. 'n Beknopte lewensbeskrywing van kapt. Danie Theron kom o.m. voor in *Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika* (redaksie: Dr. J. J. van Tonder), Kaapstad 1961, bl. 139 e.v.
12. *Africana Aantekeninge en Nuus*, Johannesburg, Sept. 1948, bl. 86-87. Artikel: *Die gevangeneming van Winston Churchill op 15 November 1899 by Chieveley in Natal*.
13. In dié verband is alleen sekondêre bronne geraadpleeg, te wete Sandberg se publikasie *Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor en tegenspoed*; dr. Engelenburg se Bothabiografie en L. S. Amery in *The Times History of the War in South Africa* (deel 2). Dit betref hier die bevel oor die hele verkenningstog as sodanig.